Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND

JULIE 2015

Posbus 20
Hermanus 7200

	Telefoon	Faks
Hermanus	028 313 8000	028 312 1894
Gansbaai	028 384 8300	028 384 0241
Kleinmond	028 271 8400	028 271 4100
Stanford	028 341 8500	028 341 0445

24 Uur Beheerkamer 028 313 8000/8111
Brandweer 028 312 2400

Bulletin

Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand

2015/16-BEGROTING IN 'N NEUTEDOP

Totale Inkomste

R895 miljoen
Styg met 10,5%
Hierdie toename is te danke aan verhoogde befondsing uit toelaes, waarby 'n verdere R12,5 miljoen in billike deel ("equitable share") en befondsing vir behuising topstrukture ter waarde van R17 miljoen ingesluit is.

Totale Besteding

R964,5 miljoen
Styg met 3,3%
Die negatiewe verskil van R69,5 miljoen tussen inkomste en uitgawes word opgemaak uit items anders as kontant, waarvan waardevermindering een van die grootstes is. Sodra ander kontantvloei egter realiseer, soos die aflos van eksterne lenings, sal Overstrand 'n kontantoorskot van R8,1 miljoen hê.

TARIEWE

Eiendomsbelasting

Verhoog met 6,85% op residensiële en kommersiële eiendom sowel as op onontwikkelde erwe.

Elektrisiteit

Basiese elektrisiteitsheffing verhoog met 6%. Verbruikskoste sal deur die bank vir alle stygende blokke gemiddeld met 12,2% toeneem.

Water

Slegs deernishuishoudings sal die eerste 6 kℓ gratis ontvang. 11,5% styging van toepassing op waterverbruik tussen 0 tot 6 kℓ per maand.

Riolering

Styg met 6%

Afvalverwydering

Styg met 6%

Kapitaalbegroting

R103,9 miljoen
Daal met 15,4%
Hierdie verlaging is toe te skryf aan die beskikbaarheid van bronne om die kapitaal begroting te befonds.
'n Geraamde R100 miljoen word jaarliks benodig vir kapitaalinfrastruktuur.

BEGROTING GELOOFWAARDIG EN VOLHOUBAAR, MOEILIKE EKONOMIESE KLIMAAT TEN SPYT

Met die voorlegging van die 2015/2016 begroting vir goedkeuring op 28 Mei 2015 het Burgemeester Nicolette Botha-Guthrie die Raad ingelig dat die munisipaliteit onwrikbaar daarin glo om alle burgers by die proses van mens-gedrewe staatsbestuur te betrek. Gestruktureerde gemeenskapsdeelname aan die sake van die munisipaliteit word deur middel van Overstrand se wykskomitees in die hand gewerk, en sy kan die Raad die versekering gee dat daar na almal se menings geluister is en dat daar in die opstelling van die begroting op hierdie menings ag geslaan is.

Voorts is die 2015/16-begroting deur die derde hersiening van Overstrand se vyf-jaar- Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) gelei, welke plan die Raad se strategiese rigting bepaal. Hierdie proses het in Augustus laasjaar 'n aanvang geneem. Die munisipaliteit se vyf strategiese doelwitte bly onveranderd, en die begroting is toegewys ooreenkomstig die strategiese doelwitte wat in die GOP gestel is *[sien 'Begroting en GOP gaan hand aan hand' elders in hierdie uitgawe].*

In haar oorsig van die breër ekonomiese faktore wat 'n impak op die 2015/16-begroting gehad het, het Botha-Guthrie toegegee dat die land homself steeds in 'n moeilike ekonomiese klimaat bevind en dat, volgens alle aanduidings, die jaar wat voorlê waarskynlik geen verligting gaan meebring nie. "Ons verbruikers gaan vanjaar weereens negatief geraak word deur die buitensporige verhoging in elektrisiteit wat vir Eskom goedgekeur is, wat 'n groot negatiewe impak op die munisipaliteit se elektrisiteitstariewe gaan hê, onderwyl die realiteit van beurtkrag onteenseglik vir die afsienbare toekoms deel van ons lewens gaan bly," het sy gesê.

Gegewe hierdie stand van sake het die munisipaliteit INCA-portefeuljebestuurders genader om 'n onafhanklike finansiële evaluering van Munisipaliteit Overstrand uit te voer, waarby 'n evaluering van die munisipaliteit se Geïntegreerde Ontwikkelingsplan en sy sektormeesterplanne ingesluit was. Dit is gedoen met die oog daarop om wesentlike aangeleenthede wat 'n impak op die munisipaliteit se finansiële volhoubaarheid oor die lang termyn kan hê, te identifiseer sowel as om voorstelle rakende toekomstige beleidsrigtings toe te lig.

Voortspruitend uit hierdie evaluering is daar aanbeveel dat die munisipaliteit, onder andere –

- buitensporige uitgawes aan oortyd en bystandsdiens te vermy deur kritieke vakatures te vul;
- die gebruik van interne kapasiteit en eksterne diensverskaffers te optimeer; en
- gedeelde dienste in samewerking met ander munisipaliteite verder verken

[sien 'Koste drasties in toom gehou' elders in hierdie uitgawe].

Deur die aandag te verskuif na sommige van die vernaamste uitdagings wat in die opstel van die 2015/16-begroting die hoof gebied moes word, het die Burgemeester gesê dat die Raad maar al te bewus daarvan is dat pensioenarisse en mense wie se enigste vorm van inkomste die rente op hul spaargeld is, nie skerp stygings in munisipale belastings en tariewe kan bekostig nie. "Die bekostigbaarheid van tariefverhogings is dus van die uiterste belang vir die munisipaliteit, en die vlak van dienste versus die verbandhoudende koste word deurentyd voor oë gehou," het Botha-Guthrie gesê.

Nasionaal het die volgende, volgens die Burgemeester, 'n invloed op die begroting gehad:

- Aan die begin van die begrotingsproses het die administrasie uit politieke oorde verneem dat stygings in tariewe tot 6% beperk moet word en dat die styging in eiendomsbelasting nie meer as 7% moet wees nie. Hierdie sluit elektrisiteit uit waar NERSA aan Eskom die reg verleen het om sy tariewe bó die inflasiekoers te verhoog.
- Sedert 2014 het slegs inwoners wat vir die deernistoelaag geregistreer is, die 6 kℓ gratis water per 30-dae-tydperk ontvang. Gegewe dat die Nasionale Tesourie 'n beroep op alle munisipaliteite gedoen het om te verseker dat die tariefstrukture vir water koste weerspieël, is die tweede vlak van die infasering van 'n vergrootte 0 – 6 kℓ-kategorie in 2014/15 uitgestel ten einde die koste van die produksie van water te verhaal. Dit is nou geïmplementeer, wat 'n toename van 11.5% in die verbruik van water tussen 0 – 6 kℓ per maand te weeg bring.
- Die riglyn wat verskaf is vir 'n styging in diverse gelde, byvoorbeeld die goedkeuring van bouplanne, is 'n maksimum van 10%. *[Sien 'Begroting in 'n Neutedop' op bladsy 1 van hierdie uitgawe].*

Ter afsluiting het die Burgemeester gesê dat Overstrand trots daarop is dat hy vir twee agtereenvolgende jare 'n "skoon oudit"-status kon behaal, as Suid-Afrika se mees produktiewe plaaslike munisipaliteit geag word en met die eerste prys in die "Back-to-Basics"-program kon wegloop. Sy het egter bygevoeg dat die onlangs uitgevaardigde regulasie oor die Standaard Staat van Rekeninge (SCOA) in alle waarskynlikheid 'n groot impak gaan hê aangesien dit in wese daarop neerkom dat die manier waarop plaaslike regering sy sake hanteer, in geheel hervorm word *[sien 'Formaat voldoen aan SCOA' elders in hierdie uitgawe].*

Sy het die gemeenskap van Overstrand en alle rolspelers vir hul ondersteuning ten tye van en deelname aan die GOP-hersiening en begrotingsprosesse bedank sowel as Finansies se voorsitter, rdl. Dudley Coetzee, die munisipale bestuurder en alle direkteure vir hul toewyding en ondersteuning tydens die begrotingsproses.

Munisipaliteit Overstrand se 2015/16-begroting en hersiene GOP is eenparig deur die Raad goedgekeur.

Koste drasties in toom gehou ter wille van volhoubare dienslewering

Nie kern besteding is grootliks uitgeskakel en 'n paar drastiese koste-beperkende maatreëls is in die 2015/16-begroting geïmplementeer met die oog daarop om 'n aansienlike oorskot vanuit die bedryfsbegroting te genereer en om werk te maak van die uitdagings wat met die vernuwing en instandhouding van infrastruktuur verband hou.

Sommige van die kostebesparende maatreëls sluit in:

- Vakatures is aansienlik afwaarts gerasionaliseer, en 'n totaal van drie-en-twintig poste is op die organisasiestruktuur afgeskaf;
- Die direktoraat beskermingsdienste is hersaamgestel wat die instel van 'n skofstelsel behels het, welke stelsel tot aansienlike besparings aan oortyd en bystandstoelae aanleiding gegee het;
- Slegs een nuwe lid is op die burgemeesterskomitee aangestel nadat twee lede verlede jaar uitgetree het. Dit is bykomend tot 'n vakature wat reeds voorheen op hierdie komitee bestaan het;
- Die munisipaliteit het deelname aan die gedeelde diens aanstelling van 'n risikobestuurder goedgekeur, waar hierdie aanstelling tot voordeel van alle munisipaliteite in die Overbergdistrik sal strek;
- Daar is teen 6,1% vir alle salarisverhogings begroot onderwyl die uitkoms van loononderhandelings en vasstellings afgewag word.

Verdere positiewe begrotingsaansuiwerings sluit in:

- Kortings ingevolge die Eiendomsbelastingbeleid is verhoog;
- Parkeergelde by Overstrand se strande is afgeskaf;
- Begraafplaasgelde is nie in die 2015/16-begroting verhoog nie;
- Die gelde vir afwykings van die boulyn is ook nie verhoog nie.

VERNAAMSTE 2015/16-KAPITAALPROJEKTE:

BEHUISING BO-AAN LYS, MAAR PAAIE, ELEKTRIFISERING EN WATER GENIET OOK AANDAG

In sy 2015/16-begroting het Overstrand 'n bedrag van R103,9 miljoen aan óf die ontwikkeling óf opgradering van vernâme infrastruktuurfasiliteite toegewys. In die algemene omgang staan sulke projekte as kapitaalprojekte bekend. Die top-tien-projekte wat in hierdie boekjaar onderneem gaan word, tesame met elk se bron van befondsing, kan as volg saamgevat word:

Beskrywing van projek	Bron van befondsing	2015/16-begroting		
		Deur Raad befonds	Ekstern (toekenning)	TOTAAL
Zwelihle Mandela Square - 83 persele	PROV [1]		4,685,648	4,685,648
Zwelihle Adminperseel - 164 persele	PROV		9,864,644	9,864,644
Zwelihle Site C2 - 132 persele	PROV		7,939,836	7,939,836
Zwelihle - rehabilitasie van bestaande geteerde pad (arbeidsintensiewe konstruksie)	MIG[2]		4,200,000	4,200,000
Mt Pleasant - rehabilitasie van paaie en opgradering van stormwaterstelsel	MIG		6,375,527	6,375,527
Kleinmond (Overhills) - elektrifisering van lae-kostebehuisingsgebiede	INEP[3]		8,000,000	8,000,000
Vervanging van water-pype in Overstrand	EL6 [4]	9,652,800		9,652,800
Opgradering van pompstasies	EL6	3,547,200		3,547,200
Mt Pleasant nuwe 1 mℓ/s-reservoir	MIG		3,566,328	3,566,328
Swartdamweg - Geïntegreerde residensiële ontwikkelingsprogram	PROV		3,313,558	3,313,558

[1] Provinsiale behuisingstoekenning
[2] Munisipale infrastruktuurtoekenning
[3] Toekenning via Nasionale Geïntegreerde Elektrisiteitsprogram
[4] Eksterne lening 6

BEGROTING EN GOP GAAN HAND AAN HAND

Die begroting is die munisipaliteit se finansiële plan en toon aan hoeveel geld bestee gaan word aan die implementering van die strategiese doelwitte wat in die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) gestel is. Die GOP is die Raad se vyf-jaar-ontwikkelingsplan en word jaarliks hersien. Die hersiene GOP vir 2015/16 is op 28 Mei 2015 deur die Raad aanvaar en verteenwoordig die derde hersiening van hierdie 5 jaarplan.

Eenvoudig gestel, verleen die GOP rigting aan die begroting, en die twee grafieke hieronder illustreer hoe die kapitaal- en bedryfsbegroting vir 2015/16 bestee gaan word om die vyf strategiese doelwitte wat in die hersiene 2015/16-GOP gestel is, tot uitvoer te bring.





BEGROTING SE FORMAAT VOLDOEN AAN SCOA

Nasionale Tesourie se uitvaardiging van die regulasie insake die **Standaard Staat van Rekeninge (SCOA)** op 22 April 2014 lui die grootste hervorming van finansiële verslagdoening op plaaslike regeringsvlak sedert die afkondiging van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur in 2003 in en gaan 'n diepgaande impak hê op die manier waarop die munisipaliteit sake doen, veral aangesien Overstrand as een van die nasionale proefterreine vir die vroeë implementering van SCOA en die Bytes finansiële stelsel geïdentifiseer is.

Die begrotingsformate wat in die regulasies vir munisipale begrotings en verslagdoening voorgeskryf word, identifiseer reeds die kategorieë van munisipale inligting wat in die ontwikkeling van 'n begroting verlang word. As 'n volgende stap sal SCOA verseker dat die gedetailleerde inligting wat in die implementering van die begroting vasgelê word na behore en op 'n geloofwaardige wyse in ooreenstemming gebring word deurdat die gehalte van data verhoog en 'n hoër vlak van standaardisering en eenvormige datastelle bereik word. Met hierdie doel voor oë, is Overstrand se 2015/16-begroting ooreenkomstig die SCOA-klassifiseringsraamwerk opgestel.

WAARLIK ’n BEGROTING VIR DIE MENSE

Gegewe die moeilike ekonomiese tye waarmee die land as geheel gekonfronteer word, het Overstrand sy bes gedoen om met ’n begroting vorendag te kom wat geloofwaardig en volhoubaar is, maar tog die impak op sy inwoners so laag as moontlik hou.

- Ons het daarin geslag om die algehele impak van tariefverhogings op huishoudelike rekeninge tot onder 6,3% te beperk, en die verhoging vir deernishuishoudings tot 2,6%. *Hierdie sluit die impak van verhogings in elektrisiteitstariewe uit.*
- Ons het vir ’n klein oorskot op die bedryfsbegroting begroot sodat ons in die 2017/18-boekjaar fondse vanuit ons eie bronne vir kapitaalbesteding kan voorsien.
- Ons sal noodsaaklike instandhouding van ons infrastruktuur voortsit.
- Ons sal steeds daarop fokus om produktiwiteit te verhoog.

Voorts is Overstrand van voorneme om aan te hou om by die nasionale en provinsiale regering voorspraak te maak vir ‘n verhoging in sy billike deel sowel as vir die uitskakeling van onbefondsde mandate. Die munisipaliteit beplan ook om steeds daaraan te werk om die Departement van Menslike Vestigings te oortuig dat sy munisipale infrastruktuurtoekenning vir bekostigbare behuising verhoog moet word ten einde te verhoed dat hierdie ’n onbehoorlike finansiële las op die munisipaliteit plaas.

MUNISIPALE REKENINGE:

HOE DIE 2015/16-TARIEWE JOU SAK GAAN RAAK

MAANDELIKSE MANDJIE VAN TARIEWE - ENKEL RESIDENSIEEL - 2015/2016

Hoë verbruik met voorafbetaalde elektrisiteitsmeter Waardasie: R3,5 m	Jaar 2014/2015	Jaar 2015/2016	Bedrag	% verhoging
Eiendomsbelasting	952,20	1 017,43	65,23	6,85
Riolering* Tarief kode: **SE7A1+SE8A**	450,24	477,41	27,17	6,03
Basiese infrastruktuurheffing: water,elektrisiteit en riolering	41,70	41,70	0,00	0,00
Afval **Een keer per week**	130,18	137,99	7,81	6,00
Water 50 kℓ	854,08	906,31	52,23	6,12
BTW	206,67	218,88	12,21	5,91
SUBTOTAAL	**2 635,07**	**2 799,71**	**164,65**	**6,25**
Elektrisiteit voorafbetaalde meter 1500kWh	2 176,66	2 429,52	252,87	11,62
BTW	304,73	340,13	35,40	11,62
TOTAAL	**5 116,45**	**5 569,37**	**452,91**	**8,85**
HPB indien van toepassing	*95,22*	*101,74*	*6,52*	*6,85*

MAANDELIKSE MANDJIE VAN TARIEWE - ENKEL RESIDENSIEEL - 2015/2016

Subekonomiese verbruik (Deernis) Waardasie: R100,000	Jaar 2014/2015	Jaar 2015/2016	Bedrag	% verhoging
Eiendomsbelasting	13,80	14,75	0,95	6,85
Riolering* Tarief kode: **SE7A1**	28,73	30,46	1,74	6,04
Basiese infrastruktuurheffing: water,elektrisiteit en riolering	41,70	41,70	0,00	0,00
Afval **Een keer per week**	0,00	0,00	0,00	0,00
Water 10 kℓ	34,40	36,48	2,08	6,05
BTW	14,68	15,21	0,53	3,64
SUBTOTAAL	**133,30**	**138,60**	**5,30**	**3,97**
Elektrisiteit voorafbetaalde meter 350kWh	310,24	348,09	37,85	12,20
BTW	43,43	48,73	5,30	12,20
TOTAAL	**486,98**	**535,42**	**48,44**	**9,95**

MAANDELIKSE MANDJIE VAN TARIEWE - ENKEL RESIDENSIEEL - 2015/2016

Medium verbruik met voorafbetaalde elektrisiteitsmeter Waardasie: R2,5 m	Jaar 2014/2015	Jaar 2015/2016	Bedrag	% verhoging
Eiendomsbelasting	676,20	722,52	46,32	6,85
Riolering* Tarief kode: **SE7A1+SE8A**	270,69	287,01	16,32	6,03
Basiese infrastruktuurheffing: water,elektrisiteit en riolering	41,70	41,70	0,00	0,00
Afval **Een keer per week**	130,18	137,99	7,81	6,00
Water 25 kℓ	322,63	343,11	20,48	6,35
BTW	107,13	113,37	6,25	5,83
SUBTOTAAL	**1 548,53**	**1 645,70**	**97,18**	**6,28**
Elektrisiteit voorafbetaalde meter 800kWh	1 122,32	1 246,55	124,24	11,07
BTW	157,12	174,52	17,39	11,07
TOTAAL	**2 827,97**	**3 066,77**	**238,81**	**8,44**
HPB indien van toepassing	*67,62*	*72,25*	*4,63*	*6,85*

MAANDELIKSE MANDJIE VAN TARIEWE - SAKE-ONDERNEMING - 2015/2016

Onderneming - Medium (Drie Fase) Waardasie: R3,2 m	Jaar 2014/2015	Jaar 2015/2016	Bedrag	% verhoging
Eiendomsbelasting	1 672,00	1 786,53	114,53	6,85
Riolering* Tarief kode: **SE7D1+SE8A 1**	460,50	488,29	27,79	6,03
Basiese infrastruktuurheffing: water,elektrisiteit en riolering	41,70	41,70	0,00	0,00
Afval **Een keer per week 3**	390,54	413,97	23,43	6,00
Water 40 kℓ	639,28	686,12	46,84	7,33
BTW	214,48	228,21	13,73	6,40
SUBTOTAAL	**3 418,50**	**3 644,82**	**226,33**	**6,62**
Elektrisiteit: Kredietmeter 7000kWh	9 733,12	10,895,20	1 162,08	11,94
BTW	1 362,64	1 525,33	162,69	11,94
TOTAAL	**14 514,25**	**16,065,35**	**1 551,09**	**10,69**
HPB indien van toepassing	*167,20*	*178,65*	*11,45*	*6,85*

MAANDELIKSE MANDJIE VAN TARIEWE - ENKEL RESIDENSIEEL - 2015/2016

Lae verbruik met voorafbetaalde elektrisiteitsmeter Waardasie: R1 m	Jaar 2014/2015	Jaar 2015/2016	Bedrag	% verhoging
Eiendomsbelasting	262,20	280,16	17,96	6,85
Riolering* Tarief kode: **SE7A1+SE8A**	198,87	210,85	11,98	6,02
Basiese infrastruktuurheffing: water,elektrisiteit en riolering	41,70	41,70	0,00	0,00
Afval **Een keer per week**	130,18	137,99	7,81	6,00
Water 15 kℓ	199,18	212,22	13,04	6,55
BTW	79,79	84,39	4,60	5,76
TOTAAL	**911,92**	**967,31**	**55,39**	**6,07**
Elektrisiteit voorafbetaalde meter 600kWh	821,08	908,56	87,48	10,65
BTW	114,95	127,20	12,25	10,65
TOTAAL	**1 847,94**	**2 003,07**	**155,12**	**8,39**
HPB indien van toepassing	*26,22*	*28,02*	*1,80*	*6,85*

MAANDELIKSE MANDJIE VAN TARIEWE - ONBEBOUDE ERWE - 2015/2016

WAARDASIEGEMIDDELD Waardasie: R250,000	Jaar 2014/2015	Jaar 2015/2016	Bedrag	% verhoging
Eiendomsbelasting	117,92	125,99	8,08	6,85
Riool kan aansluit Beskikbaarheid	109,65	116,23	6,58	6,00
Afval Beskikbaarheid	65,08	68,98	3,90	5,99
Elektrisiteit Beskikbaarheid	204,56	216,83	12,27	6,00
Water Beskikbaarheid	102,28	108,42	6,14	6,00
Basiese infrastruktuurheffing: water,elektrisiteit en riolering	41,70	41,70	0,00	0,00
BWT	73,26	77,30	4,04	5,52
TOTAAL	**714,44**	**755,46**	**41,01**	**5,74**
HPB indien van toepassing	*11,79*	*12,60*	*0,81*	*6,85*

HPB - Hermanus Publieke Beskerming

VEILIGE EN SORGSAME NASKOOLOMGEWING NOU OOK DEEL VAN MT PLEASANT-LAERSKOOL

Nie eens die koue en nat weer kon 'n demper plaas op die gees van die gaste en leerders wat die amptelike bekendstelling van die Just Care! naskoolse program op Dinsdag 2 Junie 2015 by die Mount Pleasant-laerskool bygewoon het nie.

Hierdie program is gegrond op die konsep van "skole as die spilpunt van gemeenskappe" wat deur Wendy Colyn van die Futures-trust in Overstrand bekendgestel is. Met die volle en ruimskootse ondersteuning van Mt Pleasant-laerskool is die program 'n gesamentlike poging tussen die skool, Munisipaliteit Overstrand en Just Care, 'n openbare weldaads-organisasie wat in die lewe geroep is deur trustee Jacquie Rathfelder ter nagedagtenis aan haar oorlede pa, John Rathfelder, wat vir 25 jaar lank 'n onderwyser was.

In Jacquie se eie woorde is die doel "om die gehalte en waarde van kinders se lewens te verbeter". "Hierdie verhaal het te make met die bou van sterker gemeenskappe, en die sterkste onderbou vir enige gemeenskap is onderrig en sorg," het sy bygevoeg. Just Care is die projekimplementeerder, en die munisipaliteit se ondersteuning neem die vorm van UOWP-werkers vanuit die gemeenskap aan wat hulp met die onderskeie naskoolse aktiwiteite verleen.

Die program het op 4 Mei 2015 met 77 kinders afgeskop. Drie dae later het dit sy kapasiteit van 120 leerders bereik. Kinders woon die program daagliks vanaf 14:00 tot 17:00 by waartydens hulle met huiswerk gehelp word, aan sportaktiwiteite deelneem en 'n ligte maaltyd geniet.

In haar programrede, het Burgemeester Botha-Guthrie gesê, "Onderwys is my passie, en ek sal enige program ondersteun wat die holistiese en afgeronde opvoeding van kinders in die hand werk. Ek doen 'n beroep op die gemeenskap van Hermanus om bankvas agter Jacquie Rathfelder te staan en om haar watter ondersteuning ook al nodig mag wees, te bied om te verseker dat hierdie projek 'n sukses is. Ek is oortuig daarvan dat hierdie 'n model is wat deur baie in die jare vorentoe nagedoen en op voortgebou gaan word."

Hierdie program is besig om 'n verskil te maak te danke aan die toewyding en dryfkrag van die Just Care-personeel, maar hulle het ondersteuning nodig om daarmee te kan volhou. Enigeen wat van hulp wil wees of 'n donasie wil maak, kan Jacquie op **082 570 9757** skakel of 'n e-pos aan **jacquier@telkomsa.net** rig. Om meer oor die program te wete te kom, besoek hul webwerf by **www.justcare.co.za**.

Burgemeester Nicolette Botha-Guthrie, hoofspreker tydens die amptelike opening van die Just Care! naskoolse program, ontvang 'n bos blomme van een van die begunstigdes.

DEERNISBELEID GEWYSIG

Munisipaliteit Overstrand bied 'n maatskaplike pakket van gratis basiese dienste aan om arm huishoudings van hulp te wees sowel as om daardie huishoudings by te staan wie se vermoë om vir munisipale dienste te betaal weens ander omstandighede ingeperk word.

Vir die 2015/16-boekjaar is die volgende wysigings aan die munisipaliteit se deernisbeleid goedgekeur:

Verwysing na beleid	Omskrywings
"basic services"	The amount or level of any municipal service that is necessary to ensure an acceptable and reasonable quality of life and which, if not provided, would endanger public health or safety of the environment and for the purposes of this policy are restricted to the delivery of electricity, refuse, sewerage and water services.
"income"	Income is the gross sum of all monthly income from all sources, including wages, salaries, profits, dividends, pensions, rentals, board and lodging, interest received, grants or investment income and other forms of earnings received by every person residing on the property.
3 k	A list of indigent customers will be maintained and may be made available to the general public, subject to the Promotion of Access to Information Act ("PAIA") and/or Protection of Personal Information Act ("POPI Act").
5 A	Indigent households with a property ***value greater*** than R220 000 and electricity consumption less than 400kWh-
5 A (v)	Must be a South African citizen; and
5 B	Indigent households with a property ***value less*** than R220 000 and electricity consumption less than 400kWh (no income restriction):-
5 B (iii)	Indigent households with a property value less than R220 000 may apply for 50kWh of free electricity units where the household income does not exceed four times the social pension amount, plus R1.00 per month where the average monthly consumption of electricity does not exceed 400kWh.
5 C	Indigent households with a property value less than R220 000 and electricity less than 500kWh (no income restriction)
5 C (i)	The property value must be less than R220 000
5 D	Indigent households with a property value greater than R220 000 and electricity less than 500kWh (income not exceeding the sum of four times the amount of the state-funded social pension):

Deernisbeleid slegs in Engels gepubliseer.

Ingevolge die munisipaliteit se deernisbeleid is geregistreerde huishoudings geregtig op 6kℓ gratis water, 50kWh gratis elektrisiteit en 4,21kℓ gratis riolering per maand, sowel as 'n volledige rabat op eiendomsbelasting. 'n Bygewerkte weergawe van Overstrand se deernisbeleid is beskikbaar op **www.overstrand.gov.za** of vanaf jou plaaslike munisipale kantoor.

DIÉ KLARINET-EN-FLUIT-DUO LAAT GEHORE NA HUL ASEM SNAK

Suid-Koreaanse klarinet-speler **Sang Yoon Kim** en Russiese fluitspeler **Matvey Demin** het tydens UNISA se eerste internasionale kompetisie vir fluit en klarinet in 2014 met die louere weggestap, en is boonop tussen die twee van hulle met nie minder nie as drie spesiale toekennings bekroon: Beste vertolking van 'n Suid-Afrikaanse werk, beste vertolking van 'n sonate en beste uitvoering.

Sondagmiddag 26 Julie gaan Overstrand se musiekliefhebbers die voorreg hê om te luister hoe hierdie virtuose, vergesel deur Tertia Visser Downie op die klavier, werke deur Widor, Poulenc, De Sarasate, Mozart, Duvernoy, Hendrik Hofmeyr, Génin, Schubert, Saint-Saëns, Connesson en Shostakovich uitvoer.

Die konsert begin om 15:30 in Hermanus se Ouditorium. Kaartjies kos R120 (R60 vir studente). Skakel BEL-LINI by 028 312 4988 om te bespreek. Enige ander navrae kan aan OAK se sekretaresse, René du Plooy, gerig word by 082 940 4238.

Sang Yoon Kim en Matvey Demin